

Spesiale fokus: Ontwikkelings spog

Nuut koop, is goedkoper koop

Eiendomme-redaksie

Talle Suid-Afrikaners oorweeg dit deesdae om in nuwe residensiële ontwikkelings en komplekse te belê te danke aan onder meer die goeie veiligheid en allerlei geriewe wat jy daar aantref.

Dié kopers wissel almal van eerste-huiskopers tot groeiende gesinne of afgetredenes. “Hierdie soort eiendom is om ’n verskeidenheid redes aanloklik.

Dit sluit in die feit dat die koste van herstelwerk en om die eiendom se dekor te verander, minimaal behoort te wees vir die eerste paar jaar. As die huis of woonstel volgens die regte standaard gebou is, kan die huiseienaars ook laer lopende koste en kragrekeninge geniet,” verduidelik Rhys Dyer, uitvoerende hoof van Ooba Home Loans.

“Kopers kan ook dikwels hul eie afwerkings en toebehore kies en die eiendom kom ook gewoonlik met ’n strukturele waarborg.

Hiermee van die voordele om in ’n nuwe ontwikkeling te belê:

1. Geen oordragkoste



By die aftreeoordontwikkeling Schonenberg in Somerset-Wes sal jy die allermooiste landelike omgewing aantref.

Foto's: VERSKAF

“Oordragkoste is betaalbaar wanneer die eienaarskap van ’n eiendom verander, en dit is natuurlik nie die geval in nuwe ontwikkelings nie,” sê Dyer.

“In Suid-Afrika moet jy here-regte betaal op enige bestaande eiendom van meer as R1 miljoen, en dit neem eksponensieel toe saam met die koste van die huis. Dié soort koste is nie verbonde aan ’n nuwe ontwikkeling nie, en jy kan dus aansienlik geld spaar as jy in

só ’n ontwikkeling belê. Byvoorbeeld: Die oordragkoste op ’n eiendom ter waarde van R1 250 000 beloop R7 500 (insluitend belasting). Dit is ’n waardevolle besparing en sekere ontwikkelaars sluit selfs die registrasiekoste van die eiendom by die koopprys in,” voer hy aan.

2. Minder belasting

Benewens die oordragkoste, moet huiskopers ook belasting betaal.



By Helderberg Manor geniet jy nie net al die voordele van ’n onafhanklike leefstyl nie, maar ’n woning daar kom ook met die bykomende gemoedsrus dat daar mediese sorg gereedlik beskikbaar is.

Die eiendom is in die ontwikkelingsmaatskappy se naam geregistreer, en dus is belasting betaalbaar as dit verkoop word.

Desondanks gaan jy steeds minder belasting betaal op ’n nuutgeboude eiendom as ’n bestaande eiendom wat jy by ’n private koper gekoop het, verduidelik Dyer.

3. Huis voel nie “ingeleef” nie
’n Nuwe huis of woonstel kom

met ’n vars, nuwe leefomgewing – ’n ideale keuse vir iemand wat met ’n nuwe hoofstuk van sy of haar lewe begin, soos aftrede.

Die eiendom het geen tekens dat iemand al voorheen daar gewoon het nie, en jy kan jou eie lewe daarin voorstel en dit inrig na jou smaak.

4. Dis energiedoeltreffend
Eiendom in nuwe ontwikkelings